# Welkoms Adress

aan

Mevr. Ds. J. J. Waserffall.

van die

# Nederduits Gereformeerde Vrouë Bond

22ste September 1928.

Com. Rivadavia

# Welkom!

aan

## Mevr: Ds. J. J. Wasserfall

Geagte Mevr. Wasserfall.

Dis vir ons 'n groot voorreg om U hier Welkom te heet, en ons is baie dankbaar dat ons nie net 'n Leeraar vandag verwelkom nie, maar ook sy eggenote, die vir ons sal bystaan met die nodige hulp en raad wat vir ons hier in Chubut waarlik onmisbaar is, en wat seker tot groot opbou van die Bond sal wees.

Ons hoop dat ieder een van ons U groot opoffering sal waardeer, en so altyd alles in ons vermoë doen om vir U en familie dit aangenaam te maak.

Moeite en moeilikheid sal seker menigmaal in U weg wees, maar ons sal nie in die gebed vergeet om die Heer te vrâ U, die nodige krag en geduld te skink nie.

Moge Sy seën dan ook ryklik op al U arbeid rus, en dat U omgang met die Afrikaners hier tot opbou sal wees vir ons in Argentinië.

Ons innige hoop en verlange is dat dit nie meer lank sal duur nie of U sal U plaas inneem as lid, nie slegs van die Bond nie, maar veral as Bestuurslid waar ons U hulp en raad opreg sal waardeer, en waaruit 'n hartlike vriendskap tussen U persoonlik en die Susters van die Bond sal gebore word.

Nogmaals wil ons U en familie van harte Welkom heet en alle heil en Seën toewens.

Die Bestuur namens die Bond.

Cath Conradie. (Presidente)

Janie Biggs (Vise-Presidente)

Johanna Visser

E. Visser.

Elsie Biggs

Hester Stegman